

Nuwe Lied Bediening



Hy het 'n nuwe lied in my mond gegee, 'n lofprijsing tot ons God sodat baie dit sal sien en respekvol vrees en op Yahuah vertrou. Ps.40:3.

Die Rol van Bloed in God se Raadsplan

Deel 5: Epigenetika

Hersiening

Die slotsom van alles wat ons in Deel 1 tot 3 bespreek het, is dat ons te veel aandag gee, asook te veel tyd en energie spandeer aan die hakskeenbyter (Satan; die teëstander) en te min aandag aan die betekenis en die uitleef van die verlossing deur die Een wat die hakskeenbyter se kop vermorsel het, naamlik Yeshua, dié Gesalfde Een (Gen. 3:15)! Ons moet deur vertrou en gehoorsaamheid aan יהוה se Torah, soos dit in Yeshua vervolmaak is, leef in die oorwinning en oorvloedige lewe wat deur die krag van die bloed van Yeshua vir ons bewerkstellig is! Jou verlede het geen houvas op jou nie! Jou toekoms hou die belofte en versekering in van genesing en herstel van gees, siel en liggaam! 'n Algehele vryheid van enige bindinge en emosionele wonde! Ons het niks meer nodig nie as om met dankbaarheid te aanvaar en in vertrou te doen wat יהוה-God deur Sy onverdiende guns in Yeshua vir ons reeds gedoen het!

In Deel 4 is bloedlynvloeke bespreek wat volgens die voorstanders van hierdie lering met die bonatuurlike te doen het en wat gedefinieer word as 'n oorerflike geestelike "binding wat fisies of psigies, of as kombinasie van beide, in 'n persoon se lewe sal manifesteer. Die teksverse soos ondermeer Ex. 20: en 34:7 verwys egter na aangeleerde gedrag, naamlik ouerlike beïnvloeding wat die kind aangeleer het en wat in die kind se volwasse lewe afwykende gedragspatrone tot gevolg het, en nie na bloedlynvloeke nie!

Nêrens in die Afgesonderde Skrifte word ons geleer van bloedlynvloeke wat ons van ons voorvaders af geërf het en om dit te bestraf (te verbreek, te "bind") nie. Dit is dus 'n valsleerstelling wat deur die Christendom ingebring is. Yeshua het die prys vir ons sonde betaal! Hoe kan ons dan steeds bloedlynvloeke hê waarvoor ons gestraf sal word of wat ons sal bind? Indien ons glo dat bloedlynvloeke 'n werklikheid is, dan ontken ons die totale verlossing deur die krag van die bloed van Yeshua! יהוה-God straf ons nie vir die sondes van ons voorvaders nie! Nee, Hy straf ons net indien ons die sondes van die voorvaders herhaal deur daarmee voort te gaan!!

Die enigste oorerflike "bloedlynvloek" is die van Adam, naamlik die sonde-aard wat elke mens van Adam geërf het! Maar deur vertrou in die verlossing deur die bloed van Yeshua word hierdie "bloedlynvloek" verbreek en kan ons in oorwinning oor sonde en enige negatiewe aangeleerde gedrag en emosionele verwonding leef.

Doel met Deel 5

Epigenetika is die verandering in genetiese inligting wat lewenskwaliteit en gedragspatrone kan beïnvloed en wat oorerflik kan wees. Daarom is die doel met Deel 5 om die invloed te

bespreek wat die omgewing, lewensstyl, trauma, ens, op die mens se gene (oorerflike eienskappe) het en wat lewenskwiteit en gedragspatrone kan beïnvloed. Maar is dit 'n bloedlynvloek volgens die definisie soos in Deel 4 bespreek was, naamlik 'n oorgeërfde geestelike ingreep wat fisies of psigies, of as kombinasie van beide, in 'n persoon se lewe sal manifesteer en waarvan 'n persoon bevry moet word?! Anders gestel: Is oorerflike eienskappe wat lewenskwiteit en gedragspatrone negatief beïnvloed bloedlynvloeke (generasievloeke)?

Tweedens is die doel om bewys te lewer dat dit wat as bloedlynvloeke beskou word dikwels niks anders is as genetiese oorerwing nie! Maar die vraag is of dit wel die sondes van die vaders is waarvan die kinders die gevolge moet dra?

Wat is genetika?

Vir die doel van hierdie bespreking moet sekere terminologie en begrippe eers verduidelik word, en die eerste vraag is: Wat is genetika?


Die mens se liggaam bestaan uit verskillende weefsels (organe), byvoorbeeld spier-, hart-, lever-, nierweefsel, ens). Bloed is vloeibare weefsel soos voorheen bespreek is. Alle weefsels (organe) se selle is verskillend (uniek) ten opsigte van hoe dit lyk en funksioneer. Elke liggaamsel bevat 'n kern waarin identiese genetiese inligting gestoor word vir al die fisiologiese en biologiese prosesse om lewe te onderhou.



Grafiese voorbeelde van verskillende weefselselle (Kintalk, UCSF)

Genetika is dus die studie van die gene, naamlik die draers van oorerflike eienskappe – wat hulle is, wat hulle doen, en hoe hulle funksioneer. 'n Geen, of groepie van gene, dra die inligting vir 'n spesifieke oorerflike eienskap, asook die inligting vir die funksionering van die verskillende weefsels (organe). Daarom is gene die draers van al die oorerflike eienskappe van die mens, asook van alle inligting vir die instandhouding van lewe.

Gene bestaan uit DNS (deoksieribonukleïensuur / “DNA – deoxyribonucleic acid”) wat verdeel word in afsonderlike dele wat chromosome genoem word. Die DNS kom in die vorm van 'n opgekrulde dubbel heliks voor binne 'n chromosome. Die volgende grafiese voorstelling gee meer duidelikheid.



Die mens het 23 pare (46) chromosome bekend as die genoom¹. Alle liggaamselle van die mens bevat 23 pare chromosome wat in die kern van die sel gevind word.

Elke mens se genoom is 'n unieke kombinasie van gene, naamlik van die volgorde van die DNS, en daarom is nie twee mense identies nie, behalwe 'n identiese tweeling of meerlinge.

Die gene kom in 'n bepaalde volgorde, asook op 'n bepaalde plek op die DNS voor en word op so 'n wyse aan mekaar verbind dat die volgorde inligting bevat. Hierdie inligting bepaal:

- Die fisiese eienskappe, naamlik die oorerflike eienskappe (fenotipiese eienskappe), naamlik die waarneembare eienskappe soos geslag, haar-, vel- en oogkleur, liggaamsbou, ens.) van die mens.
- Gene reguleer ook die funksionele eienskappe van die selle van elke orgaan en al die biljoene selle gesamentlik onderhou al die noodsaaklike fisiologiese prosesse van lewe.

Gene is dus verantwoordelik vir al die oorerflike fenotipiese eienskappe van die mens, asook verantwoordelik vir al die fisiologiese en biologiese funksies van groei, onderhoud van lewe en voortplanting.

Epigenetika

Die afgelope sowat tien jaar het navorsing gevind dat ons genetiese, naamlik ons oorerflike inligting nie “in sement gegiet is nie”, maar dat dit deur verskeie faktore verandering kan ondergaan, tot voordeel of tot nadeel van die mens se lewenskwaliteit (gesondheid) en gedragspatrone.

Ons is almal gebore met die gene wat ons van ons ouers ontvang het, maar hoe ons gene funksioneer, naamlik hoe gene ‘gelees’ word om te funksioneer volgens die doel waarvoor die geen (gene) daar is, kry toenemende aandag in die ontluikende wetenskap van epigenetika.

Die term epigenetika is saamgestel uit die Griekse *ἐπί*, *epi*, ‘bo’ en genetika. Dus beteken epigenetika ‘bo(-op) die geen’. Terwyl genetika die studie van gene is, is epigenetika die studie van die ‘aanvullende laag’ van inligting ‘bo-op’ die gene wat bepaal hoe hierdie gene van die chromosoom deur 'n sel gebruik of nie gebruik sal word nie, naamlik die beheer van die ‘aan- en afskakeling’ van die normale funksionering van gene.

Hierdie ‘aanvullende laag’ is chemiese verbindings (‘merkers’) wat bo-op chromosome voorkom en dus die funksionering van gene beheer. Epigenetika is dus die studie van die biologiese prosesse hoe die uitdrukking (die ‘lees’) van gene beheer word.


Opsommend: ‘n Eenvoudige definisie van epigenetika is die studie van die biologiese meganismes wat gene ‘aanskakel’ en ‘afskakel’. Epigene bepaal dus hoe die weefsel die genetiese inligting gaan ‘lees’ en dus hoe dit deur die sel gebruik gaan word.

¹ Die getal chromosome wissel tussen spesies, naamlik tussen 'n groep lewende organismes wat 'n aantal kenmerke deel en onderling kan voortplant en wat 'n onderafdeling van 'n genus is. Die mens behoort aan die genus *Homo* en spesie *sapiens* – *Homo sapiens*). Slegs spesies met dieselfde aantal chromosome kan voortplant. Dit is God se ‘voorsorgmaatreeël’ om spesies suiwer te hou!

Gene word op twee wyses beheer, naamlik:

- Op die natuurlike wyse (*nature*) volgens die funksionele aard van die geen, naamlik die kontrole oor hoe selle sal vermeerder en “spesialiseer” om die verskillende weefsels (organe) te vorm gedurende die ontwikkeling van die fetus, asook vir die voortdurende instandhouding van alle fisiologiese en biologiese prosesse van lewe.
- Deur omgewingsfaktore vanaf geboorte tot volwassenheid, soos versorging, voeding, opvoeding (*nurture*), maar veral lewensstyl as volwassene soos dieet, oefening, verslawings, trauma, ens. – alles dinge wat die aan- en afskakel van gene beïnvloed en dus bepaal hoe die genetiese inligting in die sel ‘gelees’ gaan word en of die geen normaal of abnormaal gaan funksioneer. Hierdie is die relatiewe jong wetenskap van epigenetika wat bewys lewer dat ‘n persoon se lewenskwaliteit en gedragpatrone ‘n dinamiese interaksie is tussen gene en die omgewing!

Grafiese voorstelling van die funksionering van epigene



Dit is egter belangrik om onderskeid te maak tussen die werking van epigene en genetiese mutasies. ‘n Mutasie is ‘n permanente verandering in die genetiese inligting van ‘n sel of organisme, naamlik ‘n verandering van die DNS en dus van die genoom en selfs van die fenotipe. Die verandering kan na die nageslag oorgedra word en kan dus ‘n blywende verandering in die organisme bewerkstellig wat voordelig of nadelig kan wees. Soms is mutasies spontaan, maar verskeie faktore, soos blootstelling aan sekere chemikalië, swaar metale en bestraling, kan ook die oorsaak wees.

Epigenetiese veranderinge is nie die verandering van gene, naamlik van die DNS en van die genoom nie, maar is die verandering van die epigene, naamlik van die wyse hoe gene gelees word, naamlik hoe die geen funksioneer. Hierdie veranderinge kan egter ook na die nageslag oorgedra word!

Die volgende voorbeeld van epigenetiese verandering kan gebruik word: ‘n Identiese tweeling, A en B, se genetiese en epigenetiese inligting (genetiese ‘voetspoor’) is by geboorte

presies dieselfde. Maar dit kan gebeur dat byvoorbeeld op 50 jarige ouderdom is A fiks en gesond, terwyl B ernstige gesondheidsprobleme ondervind. Die mees waarskynlike rede hiervoor kan toegeskryf word aan 'n verskil in die lewenstyl van A en B in hulle volwasse jare! Die funksionering van die epigenetiese inligting van die tweeling het dus met tyd weens verskille in lewenstyl verander en is nie meer identies nie en het bygedra tot die swakker gesondheid (lewenskawaliteit) van B. Indien B ook verslawende gewoontes aangeleer het, wat as afwykende gedragspatrone manifesteer, sal dit tesame met B se swakker gesondheid deel word van die totale genetiese inligting wat aan B se nageslag oorgedra kan word. Die moontlikheid bestaan dus dat B se nageslag ook dieselfde, of verwante, gesondheidsprobleme mettertyd kan ondervind en 'n neiging tot dieselfde afwykende gedragspatrone kan openbaar!

Die nageslag kan slegs die geneigdheid tot afwykende gedragspatrone, soos alkohol-, dwelm- en pornografieverslawing van die ouers erf en die omgewing bepaal meestal of die gedragspatrone van die ouers voortgesit sal word! Daar is 'n wisselwerking tussen oorerflike gedragspatrone en die omgewing. Die sneller is meestal die omgewing, byvoorbeeld spanning, verwerping, fisiese of seksuele misbruik, ens. Navorsing dui daarop dat soveel as 50% van die risiko dat 'n persoon verslaaf kan raak aan nikotien, alkohol, dwelms en ander verslawings is geneties!

Daarom is kenners dit eens dat jou liggaam is nie jou 'eiendom' om daarmee te maak wat jy wil nie, want jou lewenstyl sal jou nageslag geneties beïnvloed! Jou liggaam behoort dus aan jou nageslag!

Navorsing het ondermeer ook gevind dat:

- Seksuele misbruik as kind kan "letsels" op die DNS laat wat die funksionele eienskappe van gene kan beïnvloed en wat waarskynlik in die toekoms as bewys in hofsake gebruik sal word.
- Enige traumatiese ervaring as kind kan emosionele letsels laat, maar ook 'n genetiese verandering in ('n verkorting van) die telomere op die punte van chromosome wat verbind word met sekere gesondheidsprobleme soos diabetes, dimensia en kroniese moegheid.
- Spanning in kinderjare kan genetiese verandering tot gevolg hê wat veroorsaak dat hulle as volwassenes hoër vlakke van spanningshormone, soos kortisol en adrenalien, afskei en gevolglik groter geneigdheid het tot sekere gesondheidsprobleme, soos hartvatsiektes en hipertensie (hoë bloeddruk), asook afwykende gedragspatrone.

In die lig van alles wat tot nou bespreek is, is dit duidelik dat die voorkoms van spesifieke siektes wat in 'n familie van geslag tot geslag voorkom, sogenaamde 'familiekwale', asook afwykende gedragspatrone oorerflik kan wees. Dit beteken dat in die voorgeslagte het daar 'n genetiese verandering van een of meer gene plaasgevind hetsy weens 'n mutasie of epigenetiese verandering van die wyse wat 'n geen, of gene, funksioneer ('gelees' word). In sulke gevalle het die persoon nie bevryding nodig nie, maar wel genesing!

Die oorsaak van hierdie genetiese verandering is nie noodwendig weens sonde, naamlik die oortreding van Torah (1Joh. 3:4) van een of meer van die voorgeslagte nie. Soos bespreek kan daar 'n verskeidenheid van redes wees waaroor die voorgeslagte nie noodwendig beheer gehad het nie! Selfs in gevalle waar dit weens sonde is, is die vraag of dit 'n bloedlynvloek is volgens die definisie en lering van die voorstanders van bloedlynvloeke? Die antwoord is

‘nee’, want soos reeds genoem, moet so ‘n persoon nie bevry word van die sondes van voorouers of van demoniese magte nie, maar het wel genesing nodig!

Genesing van epigenetiese veranderinge

Die goeie nuus is dat epigenetiese veranderinge omkeerbaar is! Die feit dat jou ouers of jou voorouers ‘n ongesonde lewenstyl gevolg het, en met die gevolge daarvan geleef het en jy dit ge-erf het, beteken nie dat jy niks daaraan kan doen nie! Nee, deur ‘n gesonde lewenstyl te volg soos in Torah uiteengesit word, veral die voedselvoorskrifte en sedelike wette, kan elkeen se gene ‘herprogrameer’ word om te funksioneer volgens die doel waarvoor dit daar is. En met tyd sal dit ‘n verbetering in lewenskwaliteit tot gevolg hê. Gehoorsaamheid aan Torah sal elkeen ook bevry en ‘genees’ van afwykende gedragspatrone.

Elke mens se lewenskwaliteit is derhalwe grootliks in sy of haar eie hande.

Opsommend

Epigenetika toon dat ons lewenstyl die funksionering van ons gene beïnvloed. Dit beteken dat alhoewel ons 'n oorerflike of genetiese geneigdheid vir 'n sekere siekte kan hê, dit moontlik is om die siekte te “genees” deur ons lewenstyl.

Die normale funksionering van ‘n geen word grootliks bepaal deur lewenstyl, dieet en ander omgewingsfaktore. Wat ons eet, aanvullings en lewenstyl beïnvloed nie net die genetiese uitdrukking (funksionering) van gene nie, maar beïnvloed die eienskappe, naamlik dit wat ons aan die nageslag oordra deur ons gene! Jou liggaam behoort nie aan jou nie, maar aan jou nageslag!!

Ten slotte

Ek vertrou dat in Deel 5 het ek basiese inligting oor epigenetika op ‘n verstaanbare wyse verduidelik. Die inligting hier is egter slegs die oortjies van die seekoei! Soos ek aan die begin gesê het, is die doel hiermee om die besef tuis te bring dat die gebruik van die term en lering van bloedlynvloeke met groot versigtigheid toegepas moet word. Dit wat in Deel 4 en 5 bespreek is, bewys dat dit wat as bloedlynvloeke deur die leraars daarvan verkondig word, is meestal:

- Aangeleerde gedrag wat “ontleer” kan word deur gehoorsaamheid aan Torah soos in Yeshua vervolmaak is en (of)
- Geneties aan die nageslag oorgedra en wat meesal genees kan word deur ‘n gesonde lewenstyl te volg, veral volgens die voedselvoorskrifte en sedelike wette van Torah! Verder is daar ook ‘n oorvloed van inligting beskikbaar oor ‘n gesonde lewenstyl!

Onthou: Ons liggaam is die tempel van God (1Kor. 3:16; 2Kor. 6:16) en ons elkeen is verantwoordelik om sy of haar “tempel” volgens God se voorskrifte te versorg en instand te hou!

Alles wat as bloedlynvloeke beskou word is dus nie noodwendig die werking van die teëstander en sy bese magte (‘n vloek) wat ‘n gelowige “bind” en waarvan bevry moet word nie. Soos die gesegde lui: Moenie die duiwel agter elke bos gaan soek nie!

Bronne vir verdere selfstudie

1. <https://www.whatisepigenetics.com/what-is-epigenetics/> A Super Brief and Basic Explanation of Epigenetics for Total Beginners.
2. <https://comeandreason.com/index.php/en/blogs-main/253-addictions-does-conversion-heal-the-brain> Addictions - Does Conversion Heal the Brain?
3. <https://www.yourgenome.org/facts/what-is-a-telomere> What is a telomere?
4. <https://www.drugabuse.gov/publications/drugfacts/genetics-epigenetics-addiction>. Genetics and Epigenetics of Addiction.
5. <https://www.tandfonline.com/doi/full/10.3402/ejpt.v7.31593>. Investigating epigenetic consequences of early-life adversity: some methodological considerations
6. <https://www.telegraph.co.uk/science/2018/10/02/child-sex-abuse-may-leave-molecular-scars-dna-could-used-evidence/> Child sex abuse may leave 'molecular scars' on DNA which could be used as evidence in court, new study finds.
7. <https://www.youtube.com/watch?v=ReCvreRPdeY> The epidemic of chronic disease and understanding epigenetics | Kent Thornburg.
8. <https://www.youtube.com/watch?v=JTBg6hqeuTg> Epigenetics and the influence of our genes | Courtney Griffins.
9. <https://www.youtube.com/watch?v=Udlz7CMLuLQ> Epigenetic transformation -- you are what your grandparents ate: Pamela Peeke.

-o-o-o-o-o-o-

Ontvang יהוה se Woord met welwillendheid, maar ondersoek self die Skrifte of hierdie dinge die waarheid is (Hand. 17:11).

Shalom!
Johan.

Epos: kontak@nuwelielied.info
Webwerf: <http://www.nuwelielied.info>

Kopieë mag gemaak en gratis versprei word, maar mag nie verkoop word nie. Geen veranderinge mag aan die oorspronklike teks aangebring word en dit dan onder die naam van Nuwe Lied Bediening versprei nie.